



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(Hy was) 34 (jaar oud).	1
1.2	(In) Oos-Londen	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het gebedel.</li> <li>• Hy het gesteel/mense beroof/by huise ingebreek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.4	<p>("Hy het sy dae deurgebring deur geld te bedel vir sy volgende 'fix' en snags het hy) <b>onder 'n brug geslaap.</b>"</p> <p>(Aanvaar die kern van hierdie sin vir hierdie eksamen. Die aanhaling moet woordeliks korrek wees.)</p>	1
1.5.1	regverdig	1
1.5.2	Hy het mense op straat beroof/by huise ingebreek/gesteel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Xolani het 'n werk gekry.</li> <li>• Xolani het 'n kunsbeen gekry.</li> <li>• Dis by Hein se besigheid waar die hardloopgogga vir Xolani gebyt het.</li> <li>• Hein het hom gehelp om dwelms/drank te los./Hein het hom gehelp om dwelmvry/sonder drank te leef.</li> <li>• Hy is (aktief) by die kerk betrokke.</li> <li>• Hy lewer motiveringspraatjies. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Indien die kandidaat 'n omvattende afleiding maak, bv. dat Hein Xolani se lewe verbeter het, is dit slegs 1 punt werd.)</li> </ul>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die verkeerde dinge wat Xolani in die verlede gedoen het, beteken nie dat hy geen toekoms kan hê nie/nie sukses in sy toekoms kan behaal nie.</li> <li>Dit wat Xolani vandag/nou met sy lewe doen, is belangriker as wat hy in die verlede gedoen het. <i>(Die implikasie t.o.v. die verlede is daar.) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet in die antwoord na verlede en toekoms verwys of albei impliseer.)</i></li> </ul>	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hein sê hy kan geen krediet neem vir die feit dat Xolani sy lewe omgedraai/verander het nie./Hein sê dis Xolani self wat sy lewe omgedraai/verander het.✓</li> <li>Xolani sê Hein moet al die eer vir die verandering in sy lewe kry./Xolani sê Hein is sy alles.✓ <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	2
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Xolani het self die pad van verandering geloop en is daarom 'n lewende voorbeeld vir ander./Xolani praat uit ondervinding.</li> <li>Xolani het sy eie lewe as bedelaar en misdadiger positief verander.</li> <li>Xolani het gewys dat 'n mens se verlede nie jou toekoms bepaal nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Xolani was die eerste persoon</b> om die Comrades op krukke/met een been te voltooi.</li> <li><b>Niemand anders</b> het al die Comrades op krukke/met een been voltooi nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
1.11.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>Dit was die afstand wat hy aan die begin gehardloop het.</li> <li>C Dit was die afstand wat hy aan die begin gehardloop het. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>Die Sunbird Striders-klub het nie gedink hy was ernstig toe hy hierdie afstand wou hardloop nie.</li> <li>A Die Sunbird Striders-klub het nie gedink hy was ernstig toe hy hierdie afstand wou hardloop nie. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
1.11.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>E</li> <li>Hy het sy tyd oor hierdie afstand mooi verbeter.</li> <li>E Hy het sy tyd oor hierdie afstand mooi verbeter. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Nadat hy hierdie afstand gehardloop het, het almal in Suid-Afrika van hom geweet.</li> <li>• B Nadat hy hierdie afstand gehardloop het, het almal in Suid-Afrika van hom geweet. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hein het ... gespeel. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ 'n klankopname met "Shosholoza"</li> <li>○ "Chariots of Fire"</li> <li>○ die hoenderhaan wat kraai</li> <li>○ die wegspringskoot</li> </ul> </li> <li>• Hy het saam met hom gedraf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Aanhouer wen.</li> <li>• D Aanhouer wen. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.14	(In die) Moses Mabhida(-stadion).	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• "(n) positiewe bydrae"/('n) positiewe bydrae</li> <li>• "wil vergoed"/wil vergoed (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het belowe dat hy (in 2019) weer gaan hardloop.</li> <li>• Hy wil sy tyd verbeter/nog vinniger hardloop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Xolani het nie die afstand binne 12 uur voltooi nie.</li> <li>• Hulle maak nie uitsonderings vir gestremdes nie.</li> <li>• Alle atlete moet dieselfde behandel word/aan dieselfde vereistes voldoen.</li> <li>• Xolani het voor die ander atlete weggespring.</li> <li>• Xolani het met spesiale vergunning gehardloop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.18	<p>(b) Van bedel vir geld tot Comrades-held</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit som die leesstuk goed op.</li> <li>• Dit sê presies waaroor die leesstuk handel.</li> <li>• Dit dui aan dat die storie oor Xolani handel, wat eers vir geld moes bedel om aan die lewe te bly en toe sy lewe so verander het, dat hy die Comrades kon voltooi. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die punt word slegs vir die motivering toegeken.)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.19.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• om te ontspan</li> <li>• om sy werk by die huis te los</li> <li>• om nie die hele tyd met werk besig te wees/aan werk te dink nie (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.19.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die man het sy hele kantoor/aktetas/skootrekenaar/dagbeplanner/kantoorstoel saamgebring strand toe.</li> <li>• Die man is besig met sy kantoorwerk (al is hy saam met sy gesin op die strand).</li> <li>• Die man kyk eers in sy dagboek voordat hy besluit wanneer om saam met sy seun 'n sandkasteel te bou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.20	aanvaar	1
1.21	<p>Die dogtertjie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• (sit eenkant en) speel.</li> <li>• speel (alleen).</li> <li>• sit met haar rug na haar pa toe.</li> <li>• bou op haar eie haar sandkasteel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle/Die mense dra ... <ul style="list-style-type: none"> <li>○ sonhoede.</li> <li>○ sonbrille.</li> <li>○ tipiese stranddrag.</li> </ul> </li> <li>• Hulle/Die mense/ma/kinders het ... saamgebring. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ 'n sonsambreel</li> <li>○ strandspeelgoed</li> <li>○ verversings (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> </li> </ul>	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die pa moet (eers) in sy dagboek kyk of hy tyd het om saam met sy seun 'n sandkasteel te bou.</li> <li>• Die pa maak 'n vaste afspraak om saam met sy seuntjie 'n sandkasteel te bou.</li> <li>• Die seuntjie moet wag totdat sy pa (Donderdag om 09:00) tyd sal hê om saam met hom 'n sandkasteel te bou.</li> <li>• In SPRAAKBORREL 3 word gesê dat die pa aan sy werk/loopbaan bou.</li> <li>• Die pa werk (op sy rekenaar/komper). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.
- Aanvaar enige sewe wenke, ongeag die volgorde waarin dit aangebied word.

**VRAAG 2****TEKS C: HOE OM JOU TEKKIES SKOON TE MAAK**

[Verwerk uit rooirose.co.za]

<b>DIREKTE AANHALING</b>		<b>EIE WOORDE</b>
As jou tekkies baie vuil is, kan jy begin deur eers die ergste vuilheid met 'n borseltjie <b>af te borsel</b> .	1	<b>Borsel</b> die ergste vuilheid eers (met 'n borseltjie) <b>af</b> .
Moenie sommer <b>enige skoonmaakmiddel</b> op jou tekkies gebruik <b>nie</b> , want as dit te sterk is, gaan dit jou tekkies beskadig.	2	Moenie enige <b>skoonmaakmiddel</b> gebruik <b>nie</b> .
Seep in 'n bottel ( <b>vloeibare seep</b> ) wat vir <b>handewas gebruik kan word, werk baie goed</b> op die meeste tekkies.	3	<b>Vloeibare handewasseep</b> werk goed.
Jy moet die vloeibare <b>seep</b> wat jy wil gebruik eers <b>op 'n klein deeltjie van die tekkies toets</b> .	4	<b>Toets</b> die seep/skoonmaakmiddel eers op 'n deeltjie van die tekkies.
<b>Vryf die mengsel van loutwarm water en die seep</b> met 'n lappie <b>oor die tekkies</b> .	5	Die mengsel van loutwarm water en seep moet (met 'n lappie) oor die tekkies <b>gevyf word</b> .
<b>Vir plekke wat moeilik is</b> om by uit te kom, byvoorbeeld die binnekant van die tekkies, <b>kan jy 'n tandeborsel gebruik</b> en die tekkies saggies daarmee <b>skrop</b> .	6	Gebruik 'n <b>tandeborsel</b> om die moeilike plekke (saggies) te skrop.
Wanneer jy die tekkies klaar gewas het, kan jy dit <b>met warm water afspoel</b> .	7	<b>Spoel</b> die tekkies <b>met warm water af</b> .
Moet <b>nooit</b> jou tekkies <b>in direkte sonlig</b> of hitte laat droog word <b>nie</b> . <b>Maak</b> dit altyd by <b>kamertemperatuur droog</b> .	8	<b>Maak</b> jou tekkies by kamertemperatuur <b>droog</b> . Moenie jou tekkies in direkte sonlig laat droog word <b>nie</b> .

(64 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar word (dadelik) gesê dat daar min tyd is om te registreer.</li> <li>• Die leser word aangemoedig om dadelik te registreer.</li> <li>• (Die adverteerder gebruik die woord) "nou", (wat jou laat dink jy gaan iets mis as jy wag/uitstel).</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.2	Enorme/Yslike/Geweldige/Massiewe/Ontsettende/Reuse <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.3	slimkoppe	1
3.4	Gewilder/gewilder	1
3.5	seepglad	1
3.6	stappe	1
3.7	Deelnemers kan 02 Julie 2019 sonder moeite by die Taalmonument registreer. <i>(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1
3.8	inskrywing(s)	1
3.9	bevorder	1
3.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• "jy en jou"</li> <li>• B "jy en jou"</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
		<b>[10]</b>



VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het in haar sitplek omgedraai om met hulle te praat.</li> <li>• Sy het omgedraai om vir hulle te kan kyk terwyl sy met hulle praat.</li> <li>• Sy sit so dat sy hulle kan sien terwyl sy met hulle praat.</li> <li>• Sy spreek die kinders as "julle" aan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
4.2	Wanneer ons by die restaurant kom, moet julle stroopsoet wees.	1
4.3	Hierdie koeldrank/lemoen/waatlemoen is stroopsoet. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.4	beteken	1
4.5	Tafeltjie/tafeltjie	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Julle moet met toe monde kou.</li> <li>• Julle moet kou met toe monde. (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ander mense se kinders het goeie (tafel)maniere.</li> <li>• Haar kinders het nie goeie (tafel)maniere nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien goeie maniere as stroopsoet.)</li> </ul>	1
4.8	saamstem	1
4.9	Daar is 'n uitroepteken/twee uitroeptekens/!!.	1
4.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nou <b>word</b> ons <b>deur</b> Ma <b>gekritiseer</b>.</li> <li>• Ons <b>word</b> nou <b>deur</b> Ma <b>gekritiseer</b>. (Enige EEN)</li> </ul>	1
		<b>[10]</b>

**VRAAG 5****TEKS F: Piet en Elizna se wenpampoene**[Verwerk uit *Maroela Media*, 26 Maart 2018]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	met	1
5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• My oupa <b>vier</b> vandag sy tagtigste verjaardag.</li> <li>• Hulle <b>vier</b> fees nadat hulle span gewen het. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
5.1.3	kilogram	1
5.1.4	beste	1
5.1.5	sy	1
5.1.6	tweede	1
5.1.7	geduldige/verdraagsame (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.1.8	daaglik	1
5.1.9	<b>om</b> aandag aan jou pampoene <b>te</b> gee/deur aandag aan jou pampoene <b>te</b> gee	1
5.1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Piet sê: "Die weer speel 'n belangrike rol."</li> <li>• "Die weer speel 'n belangrike rol," sê Piet. (Enige EEN)</li> </ul>	1
5.1.11	As dit <b>nie</b> genoeg reën <b>nie</b> , (weeg die pampoene te min).	1
5.1.12	insekte	1
5.1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar sal altyd iets vir almal wees./Daar gaan altyd iets vir almal wees.</li> <li>• Daar sal altyd vir almal iets wees./Daar gaan altyd vir almal iets wees.</li> <li>• Daar sal altyd iets wees vir almal./Daar gaan altyd iets wees vir almal. (Enige EEN)</li> </ul>	1
5.1.14	gebruik	1

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
5.2.1	vaas/blompot	1
5.2.2	rusbank/sitkamerbank/sofa	1
5.2.3	teëls	1
5.2.4	kaggel/vuurherd/vuurmaakplek	1
5.2.5	lees+lam+pie/lees-lam-pie	1
5.2.6	besoeker	1
		<b>[20]</b>
	<b>TOTAAL AFDELING C:</b>	<b>40</b>
	<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>80</b>